

**18 Julie**

**Skrifgedeelte: Haggai 1:1-15**

**Kry jou voorkeure reg**

Wat is vir jou die belangrikste in die lewe? Skenk jy genoegsaam aandag aan die opbou van jou geestelike lewe en aan die bou van die huis van die Here? Neem jou eie belange en sake nie dalk die voortou in jou lewe nie.

Dit was die probleem wat die volk gehad het met hulle terugkeer uit ballingskap. Hulle het hulle moeilike omstandighede as verskoning gebruik waarom hulle nie aan die tempel van die Here kon bou nie. Hulle eie huise was praghuise terwyl die huis van die Here in puin gelê het.

Daarom ag die Here dit noodsaaklik om vir hulle te sê dat hulle dit wat met hulle gebeur het ter harte moet neem. Die rede waarom hulle droogte ervaar en waarom hulle oeste misluk en hulle soveel teenstand van die Samaritane ontvang, is omdat die Here dit toelaat omdat daar geen aandag aan die bou van sy huis geskenk word nie. Die volk gebruik hierdie dinge as rede waarom hulle dit nie hoef te doen nie. Daarom roep hierdie gedeelte hulle op om hulle voorkeure reg te kry.

Wat geniet voorrang in jou lewe? Is die terugslae wat jy in die lewe ervaar genoeg rede vir jou om nie aandag aan die sake van die Here te gee nie? Dalk is dit die Here wat jou juis oproep om jou voorkeure in die lewe te verander. Neem dus wat met jou gebeur ter harte. Jesus Christus het die voorbeeld gestel van wat voor alles die belangrikste behoort te wees. Hy was bereid om sy lewe af te lê ter wille van hulle wat God vir Hom uitverkies het. Ondersoek jou voorkeure en bepaal waaraan jy aandag moet gee sodat jy die Here daardeur gehoorsaam.

*Sing: Psalm 84:1*

*Ds N Boy (Drieviersboom)*